Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 18 Januarie 2019

1. LIEF EN LEED:

Baie geluk aan me. N Viljoen en haar gesin met die geboorte van hul seuntjie. Baie welkom aan mnr. Dalton wat die IGO-klasse tydens me. Viljoen se verloftydperk sal hanteer.

2. SKOOLTYE:

Die amptelike skooltye is vanaf 7:30-14:00. Die skoolhek sal dus, sodra die skool in die oggende begin, ter wille van alle leerders se veiligheid, gesluit word. Leerders wat laat is, moet dan, deur hul ouers, by die Algemene Kantoor ingeteken word.

3. E-POS ADRESSE:

Ouers wat kontak wil maak met die skool, moet asseblief daarop let om die korrekte e-pos adres te gebruik. Kommunikasie gaan verlore omdat e-posse nie na die korrekte persoon of departement gestuur word nie:

REDE VIR E-POS	E-POS ADRES:
Administrasie: Algemene navrae Afwesighede, administratiewe navrae, Graad 8-aansoeke, verandering van persoonlike (leerder- en/of ouerinligting) Skoolverlaters - oorplasingskaarte	 hswb@wonnies.co.za admin@wonnies.co.za hbekker17@gmail.com
Uitteken van leerders gedurende skoolure, Gr 9-11 aansoeke	ontvangs@wonnies.co.za
Finansies: Betalings van skoolfonds/uitstappies/toere ens. Subsidieaansoeke	 finansies@wonnies.co.za ria@wonnies.co.za
Berader: Sosiale- en maatskaplike hulp	berader@wonnies.co.za
Handboeke (Me Viviers)	boekstoor@wonnies.co.za
Dissipline (Me Veenendal)	dissipline@wonnies.co.za
Atletiek (Mnr Jordaan)	atletiek@wonnies.co.za
Bemarking (Me Stolz)	bemarking@wonnies.co.za
Die hoof: mnr. M Lezar	hoof@wonnies.co.za
Adjunkhoof: mnr J Botha (Buite kurrikulêr, geboue en terrein)	botha@wonnies.co.za
Adjunkhoof: me. T Mc Geer (Akademie)	mcgeert@wonnies.co.za

4. ATLETIEK – INTERHUIS – 14 JANUARIE 2019:

Baie dankie aan elke leerder wat so heerlik aan die eerste Interhuis-spankompetisie deelgeneem het. Dit was ongelooflik mooi om die kleurespel van vegters te sien en die gees onder die leerders te beleef. Graag gee ons die volgende uitslae:

Junior Victrix Ludorm: Chané Schoeman (1991 punte)
Junior Victor Ludorm: Devin da Silva (2323 punte)
Senior Victrix Ludorm: Nikki Knoetze (2026 punte)
Senior Victor Ludorm: Damian van der Merwe (2446 punte)

Spanuitslae:

Vierde plek: Samurai
Derde plek: Vikings
Tweede plek: Spartans
Eerste plek: Knights

5. SWEM INTERHUIS:

Die swem Interhuis is op Dinsdag, 15 Januarie 2019, afgehandel. Dit is die tweede Span-kompetisie en die verandering in die spanuitslae vanaf die Atletiek-Interhuis is interessant:

1. Samurai
2. Vikings
3. Spartane
4. Knights

6. GRAAD 12-INSKRYWINGS:

Die Graad 12-leerders het reeds inskrywingsvorms ontvang. Die inskrywingsvorm moet volledig voltooi word, deur die ouers geteken word en tesame met 'n afskrif van die leerder se ID-dokument op Vrydag, 18 Januarie 2019 by die skool ingegee word. Leerders wat nie die vorm voltooi en inhandig nie, sal nie geregistreer wees om die jaar eksamen te skryf nie en sal dus nie Graad 12 kan voltooi nie.

7. RESEPTEBOEK:

As deel van die skool se 70-jarige vieringe, word daar 'n resepteboek uitgegee.
As u gedink het Nataniel of Gordon Ramsey het interessante resepte, hou gerus die spasie dop!
Graag vra ons daarom dat elke gesin 'n resep stuur na wonnieresepte@gmail.com ten einde hierdie feesvieringe te ondersteun. Die resepteboek gaan teen einde Julie vir aankope beskikbaar wees. Verskaf asseblief u resep voor 31 Maart 2019 in die volgende formaat:

- Bestanddele moet in metrieke mate aangedui wees,
- Die resepmetode moet in Afrikaans wees.

8. GROENTJIEKONSERT:

Die Groentjiekonsert vind plaas op 23 en 24 Januarie in die Wonderboomsaal om 18:00. Kaartjies is beskikbaar teen R20.00 p.p. (onbespreekte plekke) en kan pouses vanaf Vrydag 18 Januarie in kamer O56A kontant gekoop word.

9. GRAAD 11-LEERDERS:

- **Vakveranderings:** Alle graad 11-leerders wat nog vakke wil verander, moet dit asseblief teen Maandag, 21 Januarie, afhandel.
- **ID-Dokumente:** Graad 11-leerders moet reeds nou aansoek doen vir hul ID-dokumente. Dit is 'n vereiste vir die registrasie by die Department van Onderwys en graad 11-leerder se registrasie vind in Mei plaas.

10. AFWESIGHEDE:

Indien 'n leerder afwesig is, moet dit opgevolg word deur 'n doktersbrief en/of ondersteunende dokumentasie (bv. bewys van lisensie-afspraak). Alle ander afwesighede sal as stokkiesdraai gesien word en sodanig op die dissiplinêre stelsel hanteer word.

M LEZAR
SKOOLHOOF